

NOORDELIKE HALFROND

produksietoestande bepaal pryse

– 22 Junie 2010

PROF JOHAN WILLEMSE: SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Die huidige verloop van produksietoestande van oliesade in die Noordelike Halfrond sal die volgende ses maande se voorraadposisie bepaal en so ook die verloop van oliesaadpryse.

Hoewel produksietoestande in die VSA redelik gunstig verloop, het swak weer in Kanada die kanolapryse in Kanada skerp laat styg in Junie. Hoewel daar redelik groot voorrade van veral sojabone verwag word en ook 'n toename in sonneblomsaad, is onstabiele weer vir produsente in sekere dele van die Noordelike Halfrond se produksieseisoen (soos tans) 'n belangrike drywer.

Hiermee saam duur wêreld finansiële onstabieliteit voort en wisselkoersveranderinge speel ook 'n rol. Die feit dat die rand redelik sterk teen die VSA dollar bly, bevoordeel VSA produsente en hul pryse teenoor die Suid-Afrikaanse produsent. Dit word gereedlik aanvaar dat die rand tans oorwaardeer is en daar is meer as genoegsame studies in die verlede gedoen wat toon dat 'n oorwaardeerde geldeenheid die primêre landbou benadeel. Die verswakking in Europa en die VSA se ekonomie gaan nog etlike jare duur en dit is onwaarskynlik dat die rand skerp waarde sal verloor, gegewe die ekonomiese realiteite. Maar, met die huidige ANC politici en hul swak beleidsbenaderings, is dit wel moontlik dat hul met uitsprake en beleidsveranderinge buitelandse sakevertroue só skok dat die rand skerp verswak – wat graan- en oliesaadpryse sal bevoordeel.

Die verloop van die vernaamste oliesaadpryse word in **Tabel 1** getoon. Internasionale oliesaadpryse het oor die algemeen gedurende Juniemaand gestyg (tot 18 Junie), maar die rand het ook heelwat versterk teen die VSA dollar in die eerste weke van Junie. Dit het tot gevolg gehad dat plaaslike pryse hoofsaaklik sywaarts en laer beweeg het. Oestyd en lewerings in silo's is ook in volle gang, wat 'n mate van oesdruk op plaaslike pryse plaas, en dit kan voortduur tot Augustusmaand.

Sojabone

Die internasionale aanbod van sojabone in die volgende paar maande word verwag om baie goed te wees, waar Suid-Amerika tans

volkskaals aan die oes is en so ook besig is met hul uitvoerprogram. Brasilië en Argentinië is tans besig om soja-oeste van meer as 120 miljoen ton te oes, te verwerk en uit te voer – wat 32 miljoen ton meer is as verlede jaar. Wêreld ekonomiese groei is nog traag. Hoewel Sjina jaarliks net minder as 50 miljoen ton sojabone invoer, is daar tans genoeg aanbod beskikbaar. Gegewe 'n sterk rand, daal invoerafgeleide pryse in SA en hou dit ons pryse laag (soos die grafieke toon). Daar is wel aanduidings dat pryse besig is om naby die onderste draaipunt te kom.

Die verloop van internasionale soja-oliekoek en soja-oliepryse word in die **Grafiek 1** getoon. Gegewe die groot Suid-Amerikaanse oeste, word verwag dat die verwerking van sojabone skerp sal toeneem. Dit sal die aanbod van oliekoek in die volgende paar maande aansienlik verhoog op internasionale markte. Internasionale ontleders is van mening dat daar min rede is waarom oliekoekpryse behoort te styg. Daar kan selfs nog afwaartse druk wees, afhangend van hoe die diere-veevoervraag na oliekoek verloop. In die geval van plante-olie bly die vraag redelik sterk en veral waar die huidige aanbod van sonneblomsaad op die internasionale mark laag is. Die verwagting is dat plante-oliepryse stewig gaan bly vir nog 'n paar maande, maar dit kan teen die laaste kwartaal van 2010 begin laer neig as groter Oos-Europese sonneblomoeste realiseer.

Die jongste vooruitsigte is egter dat 2010/2011 die tweede jaar gaan wees waar internasionale aanbod van oliesade die verbruik oorskry en voorraadvlakke gebou word. Voorraad word verwag om in 2011 digby die 80 miljoen ton te wees – wat gelykstaande is aan 20% van verbruik. Oor die algemeen moet 'n mens dus nie verwag dat dollarpryse skerp gaan styg in die volgende ses tot nege maande nie. Dit sal as duimreël ook beteken dat 'n mens eerder met kontant in jou sak wil sit in die onstabiele ekonomiese tye as met te veel onverkoopte voorraad en sukkel met finansiering.

Die besluit om oliesade te stoor en/of te verkoop moet in elk geval met die finansierder bespreek word om die kontantvloei-implikasie te verstaan en die ekstra finansiering wat sal nodig wees te reël/kry; ook vir die nuwe produksieseisoen. Teen die agtergrond van groot internasionale voorraad, sal daar ook nie

beplan kan word op skerp prysstygings vir die nuwe produksieseisoen in Suid-Afrika nie. Ek kan egter wel voorsien dat soos hawe- en vervoerprobleme toeneem, daar al meer beweeg gaan word na binnelandse produksie en verwerking van oliesade – in plaas van die 2 miljoen ton oliesadeprodukte wat Suid-Afrika tans invoer. Vervoerkoste en infrastruktuur gaan toenemend probleme skep, wat ruimte gaan skep vir groter binnelandse verwerking.

Sojabone

Die verloop van die plaaslike sojaboonpryse op Safex, asook die rand-wisselkoers, word in **Grafiek 2** getoon. Pryse is besig om rondom die R2 500/ton te stabiliseer en die groot internasionale afwaartse prysregstelling is heel waarskynlik eers verby. Die rand/dollar-wisselkoers behoort sywaarts en effens laer te beweeg vanaf die huidige vlakke.

Sojaboonproduksie in die vyf Suid-Amerikaanse lande het hierdie jaar 'n nuwe rekord van 134,5 miljoen ton bereik, teenoor die VSA se sowat 90 miljoen. Die Suid-Amerikaanse oes is 39 miljoen ton groter as verlede jaar se droogte-oes wat tans geoes word en verwerk en uitgevoer gaan word. Hulle het beperkte stoorkapasiteit vir oordragvoorraad; dit kan die internasionale sojaboonpryse onder druk hou en so ook die oliekoekpryse. Die internasionale verwagting is dat daar vanaf Junie se prysvlakke nog prysdalings van ongeveer \$40/ton kan voorkom.

Die ander belangrike faktor is die dominante posisie van Sjina in die internasionale handel van oliesade. Sjina is die enkele grootste invoerder en na raming gaan hulle vanjaar sowat 47 miljoen ton sojabone invoer, wat bykans 60% van die sojaboonhandel is. Die invoerpatroon van Sjina dryf pryse in sojabone, tesame met die Amerika's se oeste.

Suid-Afrikaanse pryse verhandel teen invoer-afgeleide pryse en dit gaan voortduur ten spyte van ons groter oes. Suid-Afrika gaan steeds sowat 1 miljoen ton oliekoek invoer.

Gegewe die internasionale vooruitsigte sal die koste om sojabone te stoor; en rente moeilik uit prysstygings verhaal kan word.

Sonneblomsaad

Die Noordelike Halfrond se sonneblomsaadproduksie word verwag om aansienlik uit te

TABEL 1: BELANGRIKSTE OLIESAADPRYSE (VSA \$/TON EN R/TON).

Produk	17 Junie 2010	Junie 2009	% verandering
Sojabone (Arg)	424	496	-15
Sonneblomsaad (EU)	485	413	17
Grondbone (VSA 40/50)	1 210	1 125	8
Palmolie (Maleisië)	785	732	7
Soja-olie (VSA)	839	842	0
Sonneblomolie (Arg)	855	822	4
Sojakoek (Arg)	338	446	-24
Vismeel (Peru)	1 580	949	66
SA sonneblom (Safex R/t)	3 423	3 227	6
SA sojabone (Safex R/t)	2 667	3 554	-25
Rand/\$	7,55	8,06	-6

Bron: Oilworld en Reserwebank.



brei in hul huidige seisoen en dit is veral Rusland en die Oekraïne wat saam met Argentinië belangrike rolspelers word in die uitvoermarkte. Internasionale sonneblomsaadproduksie word verwag om met meer as 3 miljoen ton toe neem in 2010/2011, waarvan Argentinië na verwagting ook meer sal produseer in volgende jaar. Die té nat weer in Kanada veroorsaak redelike skade by kanola wat die vraag na sonneblom en ander plante-olie sal laat styg. Die vraag na plante-olie bly groei en die prysvoorsigte is hier effens beter as by sojabone. Ten spyte van die groter sonneblomsaadaanbod word verwag dat


sonneblomoliepryse stewig sal bly en sonneblomsaadpryse keer om te veel te daal. Die prysverloop word in **Grafiek 3** getoon.

Aanduidings is ook dat ons eie opbrengs swakker is as wat verwag is en as mens sonneblom wil stoor, sal dit wel oorweeg kan word, waar pryse seisoenaal neig om teen November/Desember te piek. Moet dus nie te lank stoor nie.


Grondbone

Die verloop van internasionale grondboonpryse word in **Grafiek 4** aangedui en dit is


duidelik dat dit relatief min gedaal het teenoor ander produkte, veral mielies. Hoewel die Suid-Afrikaanse oes basies dieselfde as verlede jaar is, is daar wel kwaliteitsprobleme in sekere streke, veral wat die meganiese oes en die laat reën aanbetref. Internasionale pryse word verwag om basies sywaarts op die internasionale mark te beweeg, terwyl goeie kwaliteit eetbone stewig behoort te bly. Persgraad sal meeding met 'n laer prys oliekoek. Die internasionale oes het die laaste twee jaar gedaal en daar is 'n afname in voorraad en die 2010/2011-oes is basies dieselfde as verlede jaar. ■




Grafiek 1: VSA sojaboonolie en oliekoekpryse.



Grafiek 2: Safex sojabone en R/\$.



Grafiek 3: Safex sonneblom en R/\$.



Grafiek 4: Grondbone.

Hierdie Oliesade-oorsig word maandelik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.